# PREEKNOTAS

## Friends for the Journey - ’n Paulus

### Hand 20:17-19, 22, 25, 35-38

*17 Van Milete af het Paulus ‘n boodskap na Efese toe gestuur om die ouderlinge van die gemeente te laat roep. 18 Toe*
*hulle by hom kom, sê hy vir hulle: “Julle weet hoe ek die hele tyd, van die eerste dag af dat ek in die provinsie Asië*
*gekom het, onder julle geleef het; 19 hoe ek die Here in alle nederigheid gedien het te midde van droefheid weens die*
*vervolginge wat ek deur die komplotte van die Jode moes verduur.*
*22 “En nou gaan ek Jerusalem toe, daartoe gedring deur die Gees. Wat dáár met my sal gebeur, weet ek nie. 23 Ek weet*
*dat die Heilige Gees my in elke stad verseker dat gevangenskap en vervolging op my wag.*
*25 “Ek het onder julle almal rondgegaan en die koninkryk van God verkondig, maar nou weet ek dat julle my nie weer*
*sal sien nie.*
*35 Deur my voorbeeld het ek in elke opsig vir julle gewys dat ons hard moet werk sodat ons die armes kan help. Onthou*
*die woorde van die Here Jesus. Hy het self gesê: Om te gee, maak ‘n mens gelukkiger as om te ontvang.”*
*36 Nadat Paulus dit gesê het, het hy saam met hulle almal gekniel en gebid. 37 Almal het baie gehuil en hom omhels en*
*gesoen. 38 Hulle was veral hartseer omdat hy gesê het dat hulle hom nie weer sou sien nie.*